



**PUNTE: 80**

**Hierdie memorandum bestaan uit 5 bladsye.**

**LET WEL:**

- **Hierdie nasienmemorandum dien as 'n riglyn vir merkers.**
- **Leerders se antwoorde moet volgens meriete nagesien word.**
- **Antwoorde moet in geheel geassesseer word.**

**INSTRUKSIES AAN MERKERS**

- Verkeerde spelling in 'n eenwoord-antwoord moenie verkeerd gemerk word nie, behalwe as die betekenis van die woord verander het.
- Verkeerde spel-en taalfoute in langer antwoorde moenie gepenaliseer word nie, want die fokus berus by die verstaan van die leesstuk.
- Met 'n oop vraag: Geen punt word toegeken vir slegs JA/NEE of Ek stem saam/Ek stem nie saam nie antwoord nie. Die rede/motivering moet in ag geneem word.
- Vir Feite-/Mening vrae word 1 punt vir die feit/mening en 'n punt vir die rede/bevestiging/motivering gegee. Die punt vir die rede/bevestiging/motivering moet net toegeken word as die feit/mening/gedeelte van die antwoord korrek is. 'n Punt kan nie toegeken word as die rede/motivering en die interpretasie (FEIT/OPINIE) in die eerste plek verkeerd was nie.
- 'n Antwoord wat 'n aanhaling uit die teks vereis, word nie gepenaliseer as kandidate die aanhalingstekens uitlaat nie.
- Wanneer 'n eenwoord-antwoord vereis word en die leerder skryf 'n sin, kan die woord gemerk word indien dit onderstreep/uitgelig is.
- Wanneer twee/drie feite/punte in 'n volgorde vereis word, word net die eerste twee/drie feite gemerk.
- Vir die meervoudigekeuse-vrae, aanvaar die letter van die korrekte antwoord asook die uitgeskrewe antwoord.
- Geen ½ punt mag toegeken word nie.

VRAAG	VERWAGTE ANTWOORDE	PUNT
1.	A: Krokodil, Visarend en Otter ✓	1
2.	D: 'n Seekoei wat in die rivier wou bly. ✓	1
3.	Dit dui die gesproke woorde aan/Die woorde word direk aangehaal/'n Ander persoon se woorde. ✓	1
4.	B: Sy vel (onderwerp) was uitgedroog en gebars (gesegde). ✓	1
5.	Seekoei het 'n ernstige probleem want sy vel het in die son uitgedroog en het begin bars ✓ en hy het gedink dat die water verligting vir sy vel sou bring. ✓	2
6.	A: bekommerd ✓	1
7.	C: onvriendelik ✓	1
8.	Dit handel oor 'n seekoei wat in die rivier wou bly, want sy vel het a.g.v. die hitte van die son uitgedroog en begin bars. ✓ Die ander rivierdiere het hom toegelaat om in die rivier te bly, want hy het belowe om nie vis te eet nie. ✓	2
9.	Hy het geen vis geëet nie/eet net plante ✓ en hy sou nie 'n bedreiging vir die ander diere wees nie. ✓	2
10.	C: nie bereid was om hul kos met Seekoei te deel nie. ✓	1
11.	A: nie vis eet nie. ✓	1
12.	B: Soos hy gegroei het, het sy vel gerek en dunner geword. ✓	1
13.	Seekoei wou in die water woon, omdat ✓/hy/sy /dit ✓ geglo het dat die water strelend sou wees. <b>OF</b> Omdat ✓ seekoei geglo het dat die water strelend sou wees, wou hy/ sy/dit ✓ in die rivier woon. <b>(1 punt vir die gebruik van omdat op die regte plek, 1 punt vir die vervang van Seekoei met 'n voornaamwoord.)</b>	2
14.	gekraak/geknak/geskeur ✓ (Spelling moet korrek wees.)	1
15.	C. blootstelling aan die warm son. ✓	1
16.	Hy kon baie siek word/sterf, ✓ want hy moet in die water bly sodat sy vel nie uitdroog/bars nie. ✓ Hy kon na 'n ander gebied trek ✓ om water te soek. ✓	2
17.	Seekoei moes belowe dat hy nie enige van die vis in die rivier sou eet nie. ✓, en hy sou sy mond elke dag wyd oopmaak vir inspeksie, ✓ en hy sy mis met sy stert oopsprei vir inspeksie. ✓	2
18.	Seekoei ly elke dag. ✓ <b>(Volsin 'n vereiste)</b>	1

19.	visse ✓ ( <b>Spelling moet korrek wees.</b> )	1
20.	A: Dodelike Rottegif ✓	1
21.	B: vlug weg van die gif af. ✓	1
22.	“maak hulle dood!”. ✓ ( <b>Moet uitgeskryf word. Geen punt vir “doodmaak” nie.</b> )	1
23.	Dit skep 'n gevoel van afgryse/weersin/afstootlikheid. ✓/ 'n Mens wil ontslae te raak van die rotte. ✓/Geluk/vertroue omdat die produk die rotte sal uitroei. ✓/ Vrees – 'n persoon kan bang wees vir rotte of hulle haat. ✓	1
24.	Alliterasie ✓	1
25.	Twee vir die prys van een. /Koop een, kry een gratis/verniet/ ✓ <b>(Aanvaar enige antwoord)</b>	1
26.	Mense wat rotte in hul huise het. ✓/Sake-eienaars/winkeliers wat rotte in hul winkels het. ✓/Restaurant eienaars wat rotte in hul restaurante het. ✓ <b>(Aanvaar enige 2 geskikte antwoorde)</b>	2
27.	“Uiters effektief” ✓/“Aangename reuk” ✓/“Geen skadelike chemikalieë” ✓/“Bekostigbare prys”/“Koop een, kry een gratis.” ✓ <b>(Aanvaar enige twee van die bogenoemde)</b>	2
28.	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Soogdiere is die grootste diere op die planeet. ✓</li> <li>2. Hulle kan hul eie liggaamstemperatuur reguleer en is warmbloedig. ✓</li> <li>3. Hulle soog hulle kleintjies. ✓</li> <li>4. Daar is meer as 4 000 verskillende spesies. ✓</li> <li>5. Soogdiere op land en in water deel kenmerke soos hare op hulle lywe en gewerweldheid. ✓</li> </ol> <b>(Vyf volsinne word vereis. Elke sin moet ten minste een feit bevat.)</b>	5
29.	B: die invloed wat woorde op ander kan hê. ✓	1
30.	C: ernstig ✓	1
31.	Die skrywer wil illustreer dat dit wat mense sê ✓ 'n positiewe of negatiewe effek op ander se emosies/gevoelens kan hê. ✓	2
32.	Alliterasie ✓	1
33.	Die “T” klank word herhaal. ✓	1
34.	Letterlik: Maklik om mee te sny. ✓ Figuurlik: Is kwetsend/beledigend/afbrekend./Kan mense se gevoelens/emosies/harte seermaak. ✓	2
35.	Nee. “een tong op 'n gegewe oomblik” ✓✓	2

36.	B: 'n Fondsinsameling vir die Renoster Weeshuis. ✓	1
37.	Diere-aktiviste/diereliefhebbers/mense wat gholf speel. ✓ <b>(Aanvaar enige korrekte antwoord m.b.t. die doel van die advertensie.)</b>	1
38.	Die Renoster Weeshuis ✓	1
39.	Dit is (die kop van) 'n renoster ✓ en 'n gholfbal. ✓	2
40.	Die leser kan kwaad/ongelukkig/hartseer/gebroke voel, ✓ omdat baba-renosters hul ouers verloor het/se ouers deur stropers vermoor is. ✓	2
41.	Hulle sal opgewonde/vrolik/gelukkig/tevrede ✓ wees om iets te kan doen ✓ wat kan help om renosters te red. <b>OF</b> Woede ✓ oor die uitroei en stroping van renosters. ✓	2
42.	D: elektroniese pos ✓	1
43.	Verwys na nasienriglyne	20
<b>GROOTTOTAAL</b>		<b>80</b>

**ASSESSERINGSRUBRIEK: VERHALENDE OPSTEL – HUISTAAL (20 PUNTE)**

<b>20 PUNTE</b>	<b>Verdienstelik 9-10</b>	<b>Aansienlike poging 7-8</b>	<b>Voldoende 5-6</b>	<b>Basies 3-4</b>	<b>Onaanvaarbaar 0-2</b>
<b>INHOUD, EPLANNING, ONDERWERP EN DEES 10 PUNTE</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Deeglike interpretasie van die onderwerp.</li> <li>• Interessante en verbeeldingryke idees.</li> <li>• Bewys van beplanning lei tot 'n baie goed saamgestelde en gepaste aanbieding.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Goeie interpretasie van die onderwerp.</li> <li>• Interessante en oortuigende idees.</li> <li>• Bewys van beplanning lei tot 'n goed saamgestelde en geskikte aanbieding.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Voldoende interpretasie van die onderwerp.</li> <li>• Gemiddelde idees, diepte ontbreek.</li> <li>• Bewys van beplanning en resultate in 'n bevredigende en geskikte aanbieding.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Inhoud dikwels onverstaanbaarons amehanged.</li> <li>• Min idees en dikwels herhaal.</li> <li>• Onvoldoende beplanning lei tot 'n swak aanbieding.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Irrelevante inhoud, geen samehang</li> <li>• Herhalende idees.</li> <li>• Geen bewyse van beplanning nie.</li> <li>• Baie swak aanbieding</li> </ul>
<b>TAAL, STYL EN REDIGERING 5 PUNTE</b>	<p><b>5</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse van kritiese taalbewustheid.</li> <li>• Die korrekte gebruik van taal en leestekens.</li> <li>• Styl, taal en register hoogs gepas.</li> <li>• Hoofsaaklik foutloos</li> </ul>	<p><b>4</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse van kritiese taalbewustheid.</li> <li>• Taal en leestekens meestal korrek.</li> <li>• Styl, taal en register foutloos.</li> <li>• Meestal foutloos</li> </ul>	<p><b>3</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Aanduiding van kritiese taalbewustheid.</li> <li>• Eenvoudige taal en voldoende leestekens.</li> <li>• Styl, taal en register geskik vir die teks.</li> <li>• 'n Paar foute</li> </ul>	<p><b>2</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Geen kritiese taalbewustheid nie.</li> <li>• Swak taal en leestekens gebruik.</li> <li>• Styl, taal en register soms onvanpas</li> <li>• Heelwat foute.</li> </ul>	<p><b>0-1</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Geen kritiese taalbewustheid nie.</li> <li>• Baie swak Taal en leestekens gebruik.</li> <li>• Styl, taal en register is onvanpas.</li> <li>• Enorme hoeveelheid foute</li> </ul>
<b>LENGTE EN STRUKTUUR 5 PUNTE</b>	<p><b>5</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Inhoud is logies ontwikkel; samehangend.</li> <li>• Variasie in sinsoorte; logiese verbindings tussen paragrawe.</li> <li>• Lengte is korrek.</li> </ul>	<p><b>4</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Inhoud is goed ontwikkel; sinstruktuur samehangend.</li> <li>• Goeie parafrasering</li> <li>• Lengte is korrek.</li> </ul>	<p><b>3</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Voldoende inhoud, nodige besonderhede ontbreek.</li> <li>• Foute met sinstruktuur en parafrasering, steeds sinvol.</li> <li>• Lengte is korrek</li> </ul>	<p><b>2</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Wyk af van die onderwerp, betekenis soms onduidelik.</li> <li>• Basiese elementêre Sinstrukture en parafrasering.</li> <li>• Lengte is te kort / lank.</li> </ul>	<p><b>0-1</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Wyk af van die onderwerp.</li> <li>• Min bewustheid van gepaste uitdrukking.</li> <li>• Lengte heeltemal te kort / lank.</li> </ul>